# FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

## RIGLYNE EN PROSEDURES VIR INSKRYWINGSBESTUUR

**AGTERGROND**

Die Fakulteit Regsgeleerdheid bied tans LLB modules in die volgende programme aan:

1. LLB (4 jaar) - voorgraads
2. LLB (3 jaar) - nagraads
3. BCom (Regsgeleerdheid) [gehuisves in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe]
4. BRekLLB [gesamentlik gehuisves met die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe]
5. BA (Regsgeleerdheid) [gehuisves in die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe]

Die Fakulteit Regsgeleerdheid kan elke jaar, weens onderrigoorwegings en fasiliteitsbeperkings, alleenlik 'n totaal van +/- 320 nuwe studente in bogenoemde programme akkommodeer.

**MINIMUM TOELATINGSVEREISTES**

Sien www.maties.com vir minimum toelatingsvereistes vir alle programme.

**KEURINGSPROSES**

**1. Sluitingsdatum**

Aansoeke vir die LLB (4 jaar), BCom (Regsgeleerdheid), BA (Regsgeleerdheid) en BRekLLB sluit **31 Julie**.

Alle Nasionale Norm Toetse (NNT) moet teen hierdie datum afgehandel wees. Die NNT uitslae word in samehang met die finale Graad 11 (of Graad 12, indien beskikbaar) uitslae gebruik vir keuring. Aansoekers moet seker maak dat alle uitslae die Universiteit bereik sodra dit beskikbaar is.

Aansoeke vir die LLB (3 jaar) (tweede graad / nagraads) sluit 31 Julie.

**2. Keuringslyste**

Afgesien van aansoekers tot die LLB (4 jaar program) word aansoekers volgens hulle eerste keuse programme ingedeel en gerangskik soos hieronder aangedui. Afsonderlike keuringslyste word vir elke program opgestel en moet die Fakulteit teen **30 Augustus** bereik.

**LLB (4 jaar)**
Aansoekers tot hierdie program word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar gemiddelde finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in 'n 80:20 verhouding gerangskik.

**LLB (3 jaar)**

Aansoekers word volgens hulle gemiddelde voorfinale jaar punt van hulle eerste graad (of indien beskikbaar, hulle gemiddelde finale jaar punt) gerangskik. Neem kennis dat die algehele akademiese rekord van 'n aansoeker oorweeg sal word tydens keuring.

**BA (Regsgeleerdheid)**
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in 'n 80:20 verhouding gerangskik.

**BCom (Regsgeleerdheid)**
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in 'n 80:20 verhouding gerangskik.

**BRekLLB**
Aansoekers word volgens akademiese meriete (gemiddelde finale Graad 11 resultate, of indien beskikbaar finale Graad 12 resultate, uitsluitend lewensoriëntering) en hulle gemiddelde NNT (Akademiese en Numeriese Geletterdheid) toetsuitslag in 'n 80:20 verhouding gerangskik.

## 3. Keuring

**LLB (4 jaar)**

Ten einde 'n teiken van 120 studente te registreer, sal +/- 160 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 60 BSIA studente moet wees.

**LLB (3 jaar)**

Ten einde 'n teiken van 50 studente te registreer, sal +/- 75 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 25 BSIA studente moet wees.

**BA (Regsgeleerdheid)**

Ten einde 'n teiken van 50 studente te registreer, sal +/- 75 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 25 BSIA studente moet wees

**BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB**

Ten einde 'n teiken van 100 studente te registreer, sal +/- 150 studente na meriete gekeur word, waarvan ten minste 50 BSIA studente moet wees. Die verdeling tussen die twee programme is tans 70/30, maar hierdie verdeling sal jaarliks aangepas kan word.

Die Fakulteite Regsgeleerdheid en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sal elke jaar die afsnypunt van die keuring koördineer om te verseker dat die afsnypunte van die ander EBW programme en hierdie twee bogenoemde programme ooreenstem.

Die Fakulteit keur dus **460 studente** en die Dekaan het die bevoegdheid om 'n beperkte aantal plekke vir uitsonderlike aansoekers, wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, toe te ken volgens sy/haar eie diskresie.

Studente word teen **30 September** in kennis gestel van die uitkoms van die keuringsproses. Studente word spesifiek tot een program toegelaat en sal nie vir 'n ander program kan registreer nie (dit geld nie vir BCom (Regsgeleerdheid) en BRekLLB nie, aangesien hierdie studente deur die Fakulteit EBW toegelaat word om vir ander EBW grade in te skryf)



Centre for Student Administration (Stellenbosch Campus)
Sentrum vir Studente Administrasie (Stellenbosch-kampus)
Registrar's Responsibility Centre | Registrateur se Verantwoordelikheidsentrum
+27 21 808 4296 | ashmind@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika

## 4. Waglys

Nadat bogenoemde studente gekeur is, kan studente wat aan die minimum vereistes voldoen, maar nie gekeur is nie, die Fakulteitsadministrateur kontak om op ‘n waglys geplaas te word.
Studente op die waglys sal normaalweg aan die begin van die relevante akademiese jaar in kennis gestel word of hulle aansoeke suksesvol was.

## 5. Oorskakeling van ander programme of Universiteite

Slegs 25 plekke is beskikbaar vir studente wat aansoek doen vir oorskakeling van enige ander Universiteit of Fakulteit tot enige van die bogenoemde programme. Toelating is onderworpe aan keuring op grond van Universiteitsprestasie en skoolpunte. Indien ‘n student uit hierdie groep wel gekeur word, sal hy/sy alleenlik toegelaat word om vir die Program te registreer indien hy/sy in die vorige akademiese jaar geen module gesak het nie.

Hierdie voorskrif geld nie vir studente wat reeds vir ‘n LLB, BA (Regsgeleerdheid), BCom (Regsgeleerdheid) of BRekLLB by Stellenbosch Universiteit geregistreer is nie. Sulke studente sal toegelaat word om hulle program te verander indien hulle die toestemming van die betrokke Fakulteite bekom (dws Regsgeleerdheid, EBW of Lettere en Sosiale Wetenskappe ).

## 6. Voorwaardelike keuring

Studente word voorwaardelik gekeur en moet aan die minimum vereistes van die betrokke program in Graad 12 voldoen om te kan registreer



Centre for Student Administration (Stellenbosch Campus)
Sentrum vir Studente Administrasie (Stellenbosch-kampus)
Registrar’s Responsibility Centre | Registrateur se Verantwoordelikheidsentrum
+27 21 808 4296 | ashmind@sun.ac.za | www.sun.ac.za
Private Bag X1 | Privaat Sak X1 | Matieland 7602 | South Africa | eMzantsi Afrika | Suid-Afrika